kaleo kerk

info@kaleokerk.co.za
065 956 9836
www.kaleokerk.co.za
Kaleo Collective NPC REG 2024/612772/08

# Wat glo ons?

Die naam 'Kaleo' is 'n Griekse woord wat beteken 'roep'. Hierdie is 'n spesifieke, Goddelike 'roep' tot nuwe lewe IN Christus (**gered**), tot 'n oorvloedige lewe (**gesond**) en 'n vervulde lewe (**gestuur**).

**ONS GLO**

- Ons glo in die enigste, ware God, Skepper van hemel en aarde.
- Ons glo in die drie-enige God: God die Vader, Jesus die Seun, en die Heilige Gees.
- Ons glo dat Jesus die lewende Woord is (Johannes 1:1 - 5).
- Ons glo Jesus ten volle mens en ten volle God is (Lukas 1:30-35; Johannes 1:1).
- Ons glo die Bybel is die volmaakte, akkurate & geïnspireerde Woord van God. Deur Sy Woord openbaar God homself aan ons, versterk Hy ons in ons geloof en rus ons toe om in oorwinning saam met hom te lewe. (2 Timoteus 3:14-17).
- Ons glo die Heilige gees is uitgestort om ons te begelei in die volle waarheid (Johannes 16:13-15).
- Ons glo God het die mens as Sy verteenwoordiger na Sy beeld geskep, om te heers oor Sy skepping (Genesis 1:26).
- Ons glo die mens bestaan uit gees, siel en liggaam (1 Tessalonisense 5:23).
- Ons glo God is nie die outeur/oorsaak van sonde nie. Sonde is die resultaat van die mens se vrye keuse om teen God se optimale plan vir die mens te rebelleer (Romeine 5:17a).
- Ons glo elke mens word in sonde gebore en mis sy skeppingsdoel, asook die vermoë om God tevrede te stel (Romeine 3:10; Efesiërs 2:8-10).

*Die mens het nodig om uit die mag van die sonde en die dood **gered** te word, om sodoende die verhouding met God te herstel. Die **enigste** oplossing is Jesus Christus.*

**GERED**

- Ons glo dat die gevolge van Adam en Eva se keuse om sonde te doen is: a) die geestelike dood van elke mense; b) afstand tussen God en mens; en c) verlore heerskapy (Romeine 3:23 Romeine 5:17a).
- Ons glo Jesus is gebore uit die maagd Maria. Dus kon die krag van sonde nie deur "bloedlyn" in Jesus vesting kry nie (Lukas 1:30-35).
- Ons glo dus dat Jesus die enigste waardige persoon was om die volle prys van sonde te betaal deur in ons plek te sterf aan die kruis (Romeine 5:8 – 9).
- Ons glo Jesus het na drie dae uit die dood opgestaan en daardeur die dood oorwin (1Korintiërs 15:3-4). Dus, die resultaat van Jesus se oorwinning oor die dood beteken dat die wat in hom glo, ontvang: a) nuwe lewe in Christus Jesus; b) herstelde verhouding tussen God en mens; en c) herstelde heerskappy. (Romeine 5:17 - 21 ; Kolossense 1:18 - 20)
- Ons glo Hy het opgevaar na die hemel waar Hy sit aan die regterhand van God. Daar tree Hy op as middelaar tussen ons en God (Hebreërs 8:6 ; Hebreërs 10: 5-18 ; Efesiërs 1:19-20).

info@kaleokerk.co.za
065 956 9836
www.kaleokerk.co.za
Kaleo Collective NPC REG 2024/612772/08

- Ons glo geen mens kan op grond van goeie werke en/of deur die wet te onderhou, redding en vergifnis van sonde ontvang nie. Slegs uit genade, deur geloof in Jesus Christus, kan 'n mens GERED word (Efesiërs 2 :8-9; Romeine 10:10 Johannes 6:29), en vergifnis van sonde ontvang.
- Ons glo ons kan nou met vrymoedigheid in 'n verhouding met God leef aangesien daar 'geen meer veroordeling is vir dié wat IN Christus Jesus is nie' (Romeine 8:1 -2). NIKS kan ons skei van die liefde van Christus nie (Romeine 8:37 - 39).
- Ons glo elke wedergebore gelowige is nou 'n nuwe skepsel (2 Korintiërs 5:17), vry van die mag van die sonde en die dood, nie meer deel van die koninkryk van die donker nie, maar 'n burger van die koninkryk van die lig (Kolossense 1:13-14), en 'n mede-erfgenaam saam met Jesus Christus (Romeine 8:17).
- Ons glo dat God, met wedergeboorte, ten volle deur Sy Gees in elke gelowige woon (Romeine 8:9 ; 1 Korintiërs 3:16).
- Ons glo in die doop van die gelowige as 'n sigbare teken dat 'n persoon sy geloof in Jesus Christus geplaas het en daarom saam met Christus gesterwe het en dus vir die sonde dood is, maar ook saam met Jesus Christus opgewek word tot 'n nuwe lewe in Hom (Romeine 6: 3- 11).
- Ons glo in die doop met die Heilige Gees as unieke ervaring na/tydens wedergeboorte vir elke gelowige (Matteus 3:11; Handelinge 10:44-46 ; Handelinge 19: 2 - 6).

*Na ons **gered** is, sien God ons as geestelik "volmaak" maar ons leef nog met die letsels van ons ou sondige natuur en daarom het ons nodig om **gesond** te word.*

**GESOND**

- Ons glo dat a.g.v. Jesus Christus se sterf aan die kruis en opstanding uit die dood dat ons nou die "ou-self" kan uitrek en saam met Christus in oorwinning as die "nuwe mens" funksioneer (Efesiërs 4:22-24).
- Ons glo die Heilige Gees, wat in ons woon, stap 'n pad van heiligmaking met elke gelowige ( Titus 2:11- 14).
- Ons glo die Heilige Gees, is ons Krag, Leidsman en Trooster in ons genesingsproses (Johannes 14:26; Handelinge 1:8).
- Ons glo in fisiese genesing, emosionele genesing, geestelike genesing en bevryding (Lukas 4:18).
- Ons glo God rus gelowiges toe met die Gawes van die Heilige Gees (1Korintiërs 12,13 &14 ; Romeine 12), om mekaar te dien, te bemoedig en te versterk. Sodoende kan ons, Sy kerk op aarde, saam groei tot volmaaktheid en volwassenheid IN Christus (Efesiërs 4:11-12).
- Ons glo dat gesonde huwelike lei na gesonde gesinne wat lei na gesonde gemeenskappe. Die Bybelse definisie van 'n huwelik is die eenwording van een biologiese man en een biologiese vrou onder die gesag van Jesus Christus (Efesiërs 5:21 - 33 , Markus 10:6-9).

*Ons glo ons is **geroep** is tot meer as 'gered' en 'gesond'; ons word **gestuur** na 'n verlore en gebroke wêreld. Johannes 17:18 – "Soos U My na die wêreld toe gestuur het, het Ek hulle ook na die wêreld toe gestuur …" Ons het 'n taak: "Gaan …!" (Matteus 28:19).*

info@kaleokerk.co.za
065 956 9836
www.kaleokerk.co.za
Kaleo Collective NPC REG 2024/612772/08

**GESTUUR**

- Ons glo ons is gestuur na 'n verlore wêreld met die Goeie Nuus van Jesus se liefde, genadige, verlossing en vryspraak (Johannes 3:16).
- Ons glo ons is geroep om dissipels van mense te maak (Matteus 28:19).
- Ons glo ons is gestuur om mense te bemoedig en hoop te gee in 'n gebroke en wêreld (2 Korintiërs 1:4).
- Ons glo dat elke gelowige 'n spesifieke roeping van God ontvang het en gestuur is om dit uit te leef (Efesiërs 1:4). Deur die uitleef van hierdie roeping ervaar ons 'n vervullende lewe in Hom.
- Ons glo ons is gestuur om deur ons lewe; deur woord en daad, aan die wêreld te wys dat Jesus in ons lewe (Efesiërs 4:1 - 6).

*As gelowiges (**gered**) wat strewe na 'n lewe van oorwinning (**gesond**), omdat ons wil lewe as Sy verteenwoordigers op aarde (**gestuur**), glo ons in die ewige lewe.*

**EWIGE LEWE**

- Ons glo Jesus gaan weer terugkom. Dan sal dié wat reeds gesterf het, opstaan uit die dood (1 Korintiërs 15:12-19, 35-49; 1 Tessalonisense 4:16-17 ;Openbaring 20:11-15).
- Ons glo in 'n ewige lewe vir elke mens (Johannes 11:25 & 26).
- Ons glo in die bestaan van die Hemel en hel (Openbaring 21: 1- 4 ; Johannes 14:2-4).
- Ons glo dat diégene wat NIE hul geloof in Jesus Christus geplaas en hom as verlosser aangeneem het nie, gaan in ewigheid buite verhouding met die Vader in die hel leef.

Daarom glo ons dat dit noodsaaklik is dat ons as Kaleo kerk op 'n gereelde basis bymekaar kom. Ons wil soveel as moontlik mense aan die goeie nuus van Jesus Christus voorstel en om sodoende redding te kan beleef (Romeine 10:9-15). **(Gered).** Deur gesamentlike bestudering en implimentering van die lewende woord van God word ons lewens getransformeer ( 1 Timoteus 3:16). As gemeente kan die gawes van die Gees in werking tree sodat ons mekaar opbou en gesond woord (1Korintiërs 12,13 &14 ; Romeine 12). **(Gesond).** Ons wil mense toerus(Efesiërs 4:11-12) om die lig in 'n donker wêreld te wees (Matteus 5:14 - 16), om 'n radikale impak op hul gesinne en gemeenskappe kan hê (Johannes 20:21). **(Gestuur).**